DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
BESTUURSKOOL

PhD Sakebestuur en –administrasie

USB
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool

UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

INHOUD

Inleiding 3

Internasionale erkenning 4

Navorsingsfilosofie 4

Toelatingsvereistes en voorwaardes 5

Voorbereiding vir jou aansoek 6

Aansoekpakket 6

Ontwikkeling van aanvanklike navorsingsvoorstel 8

Redes waarom aanvanklike navorsingsvoorstelle nie aanvaar word nie 10

Assessering van aansoek 10

Aanstelling van studieleier 10

Assessering van omvattende navorsingsvoorstel 11

Onderneming van onafhanklike navorsing vir jou proefskrif 12

Monitering van vordering met navorsing 13

Eksaminering van proefskrif 14

Gelde en befondsing 14

Oorsig van die verloop van die USB se PhD 14

Huidige PhD-navorsing 18

PhD-programbestuur 18

Meer inligting 18

INLEIDING

Die PhD (Doktor in Filosofie), wat ook as 'n doktoraat bekend staan, impliseer dat die houer van hierdie graad ten volle met sy of haar studieveld vertroud is.

Die PhD in Bestuur is 'n betreklike nuwe studierigting in die klassieke wetenskappe. Daar is byvoorbeeld in Europa baie min PhD-programme in Bestuur wat meer as 40 jaar gelede ontwikkel is. Die meeste van hierdie programme het dus in die tweede helfte van die 1980's en die vroeë 1990's 'n werklikheid geword.

As 'n PhD-student word daar van jou verwag om navorsing onder supervisie te doen wat op 'n doktorale proefskrif uitloop. Hierdie proefskrif vorm die eksamineerbare produk waarvoor die PhD-graad uiteindelik toegeken word. Jou proefskrif moet aan die volgende voldoen:

- Dit moet 'n oorspronklike en beduidende bydrae tot die verryking en bevordering van kennis in die gekose area verteenwoordig.
- Dit moet oorspronklike denke, 'n teoretiese grondslag, tersaaklikheid ten opsigte van die vakgebied en nougesette uitvoering aantoon.
- Dit moet intellektuele kapitaal skep wat die hoeksteen van die kennisgemeenskap van die 21ste eeu verteenwoordig.

INTERNASIONALE ERKENNING

EDAMBA en EQUIS

Die USB se PhD was die eerste PhD buite Europa wat deur die European Doctoral Programmes Association in Management and Business Administration (EDAMBA) geouditeer en goedgekeur is gegrond op die gehalte van hierdie graad aan die USB.

Die USB se PhD is ook internasionaal deur EQUIS van die European Foundation for Management Development (EFMD) geakkrediteer.

Meer oor EDAMBA

Hierdie netwerk bied aan die USB se doktorale studente geleenthede soos die volgende:

- Bywoning van die jaarlikse EDAMBA Research Summer Academy in Sorèze, Frankryk. Hierdie somerskole is op die idee van leergemeenskappe en 'n gesonde filosofiese en metodologiese onderbou gegrond. Talle USB PhD-studente het die afgelope jare hierdie somerskole bygewoon.
- Deelname aan die Doktorale Tesis-kompetisie. Die weninskrywings word in die EMAMBA-vak tydskrif gepubliseer.
- Integrasie met die European Credit Transfer and Accumulation System (ECTS) wat studietydperke by ander EDAMBA-liduniversiteite erken om die gehalte en mobiliteit van PhD-studente te versterk.

NAVORSINGSFILOSOFIE

Die USB se uitvoerende PhD verskil van die tradisionele navorsingsroete van die PhD in Bestuur in dié opsig dat die USB sterk klem op die ontwikkeling van benutbare kennis in sy navorsingsprogam plaas.

Die doel is dus om die twee areas van teorie en praktyk op so 'n wyse te integreer dat dit tot "hibridiese krag" lei. Die term "uitvoerend" beklemtoon dus die interaksie van kennis wat spesifiek vir Suid-Afrikaanse organisasies belangrik is. Dit geld vir maatskappye in die private sowel as openbare sektor en ook vir organisasies buite die land se grense. Dit vorm deel van ons maatskaplike verantwoordelikheid om ons land te versterk tot voordeel van almal wat betrokke is.

Studente word aangemoedig om aksienavorsing oor uitdagende en regte-wêreld probleme te onderneem en om persoonlike en oordraagbare vaardighede te ontwikkel wat in 'n verskeidenheid toegepaste situasies benut kan word. Die uitvoerende PhD kan dus as 'n praktyk-gebaseerde program beskryf word omdat kennis deels deur die professionele toepassing van hierdie vakgebied uitgebou word. Dit kombineer wetenskaplike strengheid met bestuursrelevansie en daarom moet PhD-studente kan aantoon dat hulle 'n teoretiese sowel as 'n praktiese waardering en begrip van hul navorsingsgebied het.

TOELATINGSVEREISTES EN VOORWAARDES

Belangrikste akademiese vereistes

Slegs studente met 'n uitsonderlike prestasierekord en vermoëns en met bestaande professionele of relevante werkervaring in sake of openbare bestuur sal oorweeg word. Die twee belangrikste akademiese vereistes vir toelating tot die PhD-graad is:

- 'n Relevante meestersgraad in 'n toepaslike bestuursverwante gebied. Die grootste gedeelte van die meestergraad (gewig in die graad) moet uit 'n skriftelike tesis bestaan.
- 'n Minimum registrasietydperk (residensie) van twee jaar.

Wat gebeur as 'n kandidaat nie die tersaaklike akademiese agtergrond het nie?

Indien die kandidaat nie oor 'n omvattende en diepgaande akademiese agtergrond in bestuur beskik soos deur die USB gespesifiseer word nie, kan die USB versoek dat enige MBA-graad wat nie by die USB behaal is nie op die student se onkoste deur SAKO geëvalueer en geakkrediteer word.

Sal jou belangstelling in die navorsingsonderwerp jou jare lank kan motiveer?

Uit 'n persoonlike oogpunt moet die uitdagings en werklading van doktorale studies nie onderskat word nie. PhD-studies verg 'n hoë vlak van motivering, inspirasie en vasberadenheid. Jy moet dus seker maak dat jy 'n diep en persoonlike belangstelling in die onderwerp het wat jy wil navors sowel as 'n belangstelling in die navorsingsproses. Jy moet ook die vermoë en volharding hê om vir 'n minimum van twee jaar of selfs tot vier jaar lank onafhanklike navorsing op die hoogste vlak te kan doen.

Om vir 'n doktorale graad te studeer, is 'n groot onderneming en dit is belangrik dat jy jouself afvra waarom jy 'n doktorsgraad wil hê en wat die impak daarvan op jou lewe sal wees:

- Hang die bevordering van jou loopbaan van verdere studie af? Indien wel, is 'n doktorsgraad die regte graad hiervoor?
- Sal jou doktorsgraad 'n werklike bydrae tot kennis maak? (Dit moenie bloot 'n manier wees om jou ervaring te dokumenteer nie, hoe waardevol dit ook al blyk te wees.)
- Het jy 'n duidelike begrip van waarom jy hoëvlak-navorsing wil onderneem?

VOORBEREIDING VIR JOU AANSOEK

Jou aansoek is 'n tweerigtingproses. Ons moet seker maak dat jy 'n geskikte PhD-kandidaat is en dat die USB aan jou verwagtinge kan voldoen – soos om aan jou 'n gewillige en geskikte studieleier te verskaf. Ons moedig jou dus aan om hierdie afdeling sorgvuldig deur te lees voordat jy formeel met jou aansoekproses begin.

Ons beveel die volgende boeke ten sterkste aan om jou te help om jou aansoekpakket voor te berei en om die omvattende aard en prosesse van doeltreffende doktorale opleiding ten volle te verstaan:

- Cryer, P. 2006. The research student's guide to success. Buckingham-Philadelphia: Open University Press [*ISBN: 0335206867*].
- Henning, E., Gravett, S. & Van Rensburg, W. 2005. Finding your way in Academic Writing. Pretoria: Van Schaik Publishers [*ISBN: 0 627 02583 8*].
- Locke, L.F., Spirduso, W.W. & Silverman, S.J. 2000. Proposals that work, 4th ed. Thousand Oaks, Londen: Sage Publications, Inc. [*ISBN: 0-7619-1706-3*].
- Mouton, J. 1996. Understanding social research. Pretoria: J.L. van Schaik, [*ISBN: 0 627 02163 8*].
- Phillips, E.M. & Pugh, D.S. 2000. How to get a PhD, 3rd ed. Buckingham, Philadelphia: Open University Press, [*ISBN: 0-335-20551-8*].
- Phelps, R., Fisher, R. & Ellis, A. 2007. Organizing and managing your research - A practical guide for post graduates. Londen: Sage Publications Ltd. [*ISBN: 97814129 2063 6*]
- Remenyi, D., Williams, B., Money, A. & Swartz, E. 2000. Doing research in Business and Management. Londen: Sage Publications. [*ISBN: 0 7619 5949 1*]
- Remenyi, D & Money, A. 2004. Research supervision for supervisors and their students. Londen: Academic Conference Limited. [*ISBN: 0-9547096-0-8*]
- Thomas, R.M. & Brubater, D.L. 2000. Theses and dissertations. Westport, Connecticut: Bergin & Garvey, [*ISBN: 0-89789-746-3*].

Informele bespreking oor jou navorsingsidees

As jy graag jou navorsingsidees informeel met 'n spesifieke lid van die akademiese personeel wil bespreek voordat jy jou aansoekpakket indien, is jy welkom om daardie persoon regstreeks te kontak. Jy kan die lys van akademiese personeel by www.usb.ac.za kry.

AANSOEKPAKKET

Die aansoekpakket bestaan uit die volgende:

- Aansoekvorm
- Betalingsbewys van aansoekgelde (sien *Gelde en befondsing*)
- Essay
- Curriculum vitae (CV)
- Aanvanklike navorsingsvoorstel
- Dekbrief
- Gewaarmerkte afskrifte van akademiese rekords en graadsertifikate.

Aansoekvorm

Kry die aansoekvorm onder PhD by www.usb.ac.za en vul dit in volgens die riglyne wat aangedui word sodat 'n studentenommer aan jou toegewys kan word. Let daarop dat dit 'n aansoek vir doktorale studie is. Die studentenommer dui nie op aanvaarding as 'n doktorale kandidaat of ingeskrewe student nie.

Bankbesonderhede vir die betaling van aansoekgelde

Aansoekgelde betaalbaar – sien *Gelde en befondsing*
Bank: Standard Bank
Soort rekening: Tjekrekening
Rekeningnommer: 073003069
Taknaam: Stellenbosch
Takkode: 050610

Stuur asseblief bewys van betaling per e-pos of faks aan die PhD-toelatingskantoor:
Me Marietjie van Zyl
Telefoon: +27 (0)21 918 4205
Faks: +27 (0)21 918 4468
E-pos: mvz@belpark.sun.ac.za

Essay

Ons stel belang in jou redes vir doktorale studie en veral waarom jy die USB oorweeg. Beskryf asseblief die volgende in 'n essay van sowat 250 woorde:

- Watter akademiese en/of professionele prestasies die meeste tot jou ontwikkeling bygedra het
- Jou opleidingsdoelwitte, navorsingsbelangstellings en professionele doelwitte.

Curriculum vitae (CV)

Die inligting wat jy in jou CV verskaf, word as uiters vertroulik gehanteer. Jou CV moet die volgende bevat:

- Besonderhede van vorige studies, d.w.s. vakke geslaag, tesisse en/of konsepreferate
- Besonderhede van vorige navorsingsondervinding, insluitend 'n lys van gepubliseerde artikels en referate wat by konferensies aangebied is
- 'n Oorsig van jou aktiwiteite ná die voltooiing van jou meestersgraad
- Twee opspoorbare verwysings (name en kontakbesonderhede) wat ons tydens die aansoek proses kan kontak. Ons verwys hier spesifiek na mense wat kommentaar kan lewer oor jou vermoë om navorsing te onderneem en wat jou motivering vir PhD-navorsing kan ondersteun.

Aanvanklike navorsingsvoorstel

Die aanvanklike navorsingsvoorstel vorm 'n baie belangrike deel van die aansoekpakket en toon aan of jy 'n volwasse benadering tot hoëvlak-navorsing kan volg. Die gedeelte oor *Die ontwikkeling en formaat van 'n navorsingsvoorstel (sien hieronder) bied riglyne wat jou kan help*. Raadpleeg ook die boeke wat in die gedeelte oor *Die aansoekprosedure* genoem word. Dit is die aansoeker, en nie die USB nie, se verantwoordelikheid om 'n aanvaarbare aanvanklike navorsingsvoorstel op te stel en in te dien.

Belangrik

Die aansoeker sal slegs toegelaat word om met sy of haar navorsing voort te gaan as sy/haar aansoekpakket volledig ingevul is en al die nodige dokumentasie verskaf is.

Waarheen jy jou aansoekpakket moet stuur

Dien jou aansoekpakket in by:
PhD-Toelatingskantoor
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool
Posbus 610, Bellville 7535, Suid-Afrika

Wanneer word aansoeke oorweeg?

Die Doktorale Navorsingskomitee oorweeg aansoeke aan die einde van April en Oktober elke jaar.

DIE ONTWIKKELING VAN 'N AANVANKLIKE NAVORSINGSVOORSTEL

Die aanvanklike navorsingsvoorstel vorm een van die noodsaaklike dele van 'n PhD-aansoek. Die voorstel moet volgens spesifieke riglyne in wetenskaplike taal geskryf wees en dit moet omvattend wees. Die inhoud sowel as die formaat van die aanvanklike navorsingsvoorstel vorm deel van die assessering van die navorsingsprojek en die aansoeker.

Hoewel studente hul navorsingsrigting ná registrasie kan verander – en dit dikwels ook doen – help die aanvanklike navorsingsvoorstel die USB om die volgende in 'n vroeë stadium te evalueer:

- Die lewensvatbaarheid van die onderwerp
- Die vermoë van die USB om toepaslike supervisie en hulpbronne te kan verskaf
- Of jou belangstelling weldeurdag is en of jy toegewy is tot die program
- Jou geskiktheid vir toelating tot die USB se PhD-program.

Die voorstel moet dus op so 'n wyse geformuleer word dat dit insiggewend is vir 'n kundige navorser in die spesifieke vakgebied waarin jy navorsing wil doen. Jou voorstel moet ook die elemente hieronder bevat.

Ter opsomming: Jou aanvanklike navorsingsvoorstel is 'n ernstige en belangrike dokument. Moenie dit afjaag nie. Bied dit so aan dat dit informatief en oortuigend is vir 'n kundige navorser in die spesifieke vakgebied. Dit moet jou potensiaal demonstreer om skriftelike akademiese kommunikasie onafhanklik en suksesvol te beplan, organiseer en hanteer. 'n Gewone beskrywing sal dus nie aan die verwagtinge voldoen nie.

Dit beteken uiteraard nie dat jy reeds die antwoorde op die navorsingsprobleem weet nie. Tog moet dit duidelik aantoon dat hierdie 'n gevorderde navorsingsprojek is.

Verskaf 'n voorlopige titel

Hierdie voorlopige titel moet die sleutelwoorde wat met die voorstelde navorsing verband hou duidelik aantoon. Dit is die verantwoordelikheid van die aansoeker, en nie die USB of voorlopige studieleier nie, om 'n geskikte onderwerp te vind.

Gee 'n oorsig van die onderwerpgebied

Lees die bestaande literatuur oor die onderwerp of studiegebied wat jy wil navors voordat jy die inleiding van jou aanvanklike navorsingsvoorstel skryf. Hierdie inleiding moet die volgende insluit: 'n opsomming van die literatuur wat jy deurgelees het en die identifisering van die vakgebied(e) waarbinne jou navorsing val. Die probleem wat jy wil navors, moet uit hierdie ontleding na vore kom en die rede of voorwaarde vorm waarom dit navorsing regverdig. Jy moet ook in hierdie gedeelte aantoon hoe jou agtergrond aan jou die bevoegdhede vir navorsing in hierdie vakgebied gee.

Stel die navorsingsprobleem en navorsingsdoelwit

Die oorsig van die vakgebied word deur die navorsingsprobleem gevolg, dit wil sê jy moet die moontlike oorsaak (oorsake) vir die probleem identifiseer. Daarna moet jy die navorsingsdoelwit beskryf en hoe dit die onsekerheid of die belangrike navorsingsvraag kan oplos waarin jy belangstel.

Omskryf die metodologie wat gebruik gaan word

Die navorsingsmetodologie verwys breedweg na die aard van die wetenskaplike metode wat vir die navorsing gebruik sal word.

Jy moet kan aantoon dat jy bewus is van die beskikbare metodologieë vir data-insameling en jy moet 'n duidelike begrip toon van die metodologieë wat die geskikste sal wees vir jou navorsing. Dalk is kwalitatiewe metodes die beste, soos gevallestudies en groepbesprekings. Dalk moet jou navorsing kwantitatiewe aspekte soos statistiek en finansies insluit. In baie gevalle is dit nodig om metodologieë te kombineer.

Daar word van jou verwag om die navorsingsontwerp wat die geskikste vir jou navorsing sal wees uiteen te sit. Jy moet dus verduidelik hoe jy jou navorsing gaan onderneem. Dit beteken gewoonlik verwysing na die aard van data-insameling (die ontwikkeling van die vraelys, steekproefneming, die tipe vraelys, ens.), die verwerking en die interpretasie van die data.

Verduidelik waarom jou onderwerp navorsing verdien en hoe dit tot wetenskap sal bydra

'n Oortuigende stelling is nodig oor waarom jou onderwerp wetenskaplike navorsing verdien. Jy moet dus verduidelik hoe dit tot die akademiese kennis en begrip van bestuursteorie en professionele bestuurspraktyk kan bydra en hierdie vakgebied sal verryk. Hierdie bydrae is die gevolg van die stelselmatige ondersoek jou navorsingsaktiwiteite wat onderneem word om nuwe inligting te ontdek en ook om bestaande kennis uit te brei en te verifieer.

Hierdie bydrae impliseer nie bloot die insameling van nuwe data en 'n beskrywing daarvan nie – dit wil sê die *Wat?* vrae nie. Daar is baie dinge wat ons nie weet nie en wat ons kan uitvind. Dit is wat data-insameling is. Die bydrae van doktorale navorsing gaan verder as dit en vereis *Wat daarvan?* vrae om verduidelikings, verwantskappe, veralgemenings en teorieë te verken.

Ons verwys jou ook na 'n konsepreferaat deur dr John Morrison getiteld *A contribution to scientific knowledge*, en beveel dit ten sterkste aan vir studente wat vir 'n PhD wil registreer. (Jy kan hierdie dokument by www.usb.ac.za/phd aflaai.)

Verskaf 'n literatuuroorsig

Jy moet in hierdie gedeelte aantoon dat jy vertroud is met die debatte en aangeleenthede wat in die tersaaklike literatuur geopper word. Jy moet ook 'n beskrywing van onlangse akademiese en empiriese navorsing in jou vakgebied verskaf.

Verwys na sleuteltekste en artikels wat onlangs verskyn het om aan te toon dat jy die integrerende tersaaklikheid hiervan vir jou navorsingsgebied verstaan en waardeer. 'n PhD gaan oor oorspronklike navorsing en jou moet kan aantoon dat jou voorgestelde studie nog nie voorheen nagevors is nie. Jy moet dus kan identifiseer hoe jou eie navorsing 'n sinvolle bydrae tot die spesifieke bestuursverwante vakgebied kan lewer.

Verskaf 'n navorsingsprotokol

Jy moet 'n voorlopige tyd- en werkskedule verskaf waarin jy die belangrikste fases van jou navorsingsprojek uiteensit. Dit staan as die navorsingsprotokol bekend.

Sluit 'n bronnelys in

'n Volledige lys van verwysings na sleuteltekste en artikels moet ook ingesluit word. Verwys na die *USB Research Report Guide* vir meer inligting oor die formaat van hierdie verwysings. (Jy kan die dokument by www.usb.ac.za/phd aflaai.)

Voldoen aan die tegniese spesifikasies

Die USB se templaat vir die Aanvanklike Navorsingsvoorstel verskyn op die USB se webwerf. Laai dit af en vergewis jouself van die formaat en tegniese spesifikasies.

REDES WAAROM AANVANKLIKE NAVORSINGSVERSLAE NIE AANVAAR WORD NIE

- Die *raison d'être* (bestaansrede) van die navorsingsonderwerp word nie omvattend genoeg of met genoeg diepte gemotiveer nie. Dit wat jy van plan is om na te vors en waarom en hoe jy dit wil doen, moet oortuigend verduidelik en geregverdig word.
- Die voorstel identifiseer 'n praktiese besigheidsprobleem maar dit demonstreer nie die teoretiese onderbou daarvan nie. Navorsing wat byvoorbeeld nuwe empiriese inligting verskaf is nie noodwendig genoeg nie, selfs al los dit 'n bestuursprobleem op.
- Die fokus van die navorsingsvoorstel pas nie in by die supervisiebevoegdhede van die USB nie. Dit beteken die USB kan nie aan jou 'n geskikte studieleier verskaf nie.

ASSESSERING VAN AANSOEK

Die hoof van die USB se Doktorale Navorsingsprogram sal jou aansoekpakket deurwerk om seker te maak dat dit aan die formaliteite voldoen en dit dan na 'n voorlopige studieleier met tersaaklike navorsingsbelangstellings verwys. Die voorlopige studieleier hoef nie 'n permanente personeellid van die Universiteit van Stellenbosch te wees nie. Die voornemende student kan ook 'n voorlopige studieleier voorstel, onderworpe aan goedkeuring deur die Universiteit van Stellenbosch.

Die Doktorale Navorsingskomitee sal die voorstelle van die moontlike studieleier nagaan en dan 'n finale aanbeveling ten opsigte van die aansoek doen. Indien die aansoek suksesvol is, word voorwaardelike toelating tot die program verleen. Jy sal binne sowat agt weke oor die status van jou aansoek gekontak word. (Dit kan sekere tye van die jaar effens langer neem.)

Belangrik

As jy nie jou kwalifikasies by 'n Suid-Afrikaanse universiteit verwerf het nie en/of jy is nie 'n Suid-Afrikaanse burger nie, moet jy asseblief meer tyd vir die verwerking van jou aansoek toelaat.

AANSTELLING VAN 'N STUDIELEIER

Promotors, wat ook supervisors of studieleiers genoem word, word gekies op grond van hul kundigheid en betrokkenheid by 'n studieveld wat breedweg met jou navorsingsonderwerp verband hou.

- **Aanstelling van 'n voorlopige studieleier:** 'n Voorlopige studieleier word aan jou toegewys ná die assessering van jou aansoekpakket wat jou aanvanklike navorsingsvoorstel insluit. Die voorlopige studieleier sal jou help met die voorbereiding van jou omvattende navorsingsvoorstel.
- **Aanstelling van 'n werklike studieleier:** Die eintlike studieleier vir die duur van jou navorsing word eers aangestel nadat jou omvattende navorsingsvoorstel goedgekeur is en jy volle toelating en registrasie as 'n doktorale student gekry het. Verwys ook na die *Assessment of comprehensive proposal.* (Laai die dokument af by www.usb.ac.za/phd.)

Verhouding met jou studieleier

Jou verhouding met jou studieleier is uiters belangrik vir die voltooiing van jou navorsingsprojek. Die rol van die studieleier verander oor die studietydperk. Die studieleier se aanvanklike rol in die vroeë stadium is voorskriftelik of tegnies en dit verander geleidelik tot "pastoraal" (bied leiding, advies en ondersteuning) in die latere

stadiums van jou navorsing. Onthou, jou projek verteenwoordige onafhanklike navorsing. Jy moet jou eie be-sluite oor die navorsingsprojek neem en jy moet jou besuite wetenskaplike kan regverdig.

Dit is jou verantwoordelikheid om deurtentyd met jou studieleier te kommunikeer, in verbinding te bly en saam te werk. Daar word aanbeveel dat die kandidaat 'n kontakverslag skryf (notule van besprekings) wat deur die studieleier goedgekeur (onderteken) word en vir toekomstige verwysing in die student se lêer gehou word.
Maak seker dat jy en jou studieleier saamstem oor 'n geskikte werkwyse wat albei van julle pas en dat julle gereelde besprekings skeduleer. Dit is veral belangrik as jy nie in die omgewing van Stellenbosch of Kaapstad woon nie.

Gedragsreëls

Die USB voldoen aan die Universiteit van Stellenbosch se Gedragskode wat die verhouding tussen die studieleier/promotor en navorsingsgebaseerde nagraadse studente uiteensit. (Laai hierdie dokument af by www.usb.ac.za/phd.)

In geval van 'n dispuut tussen die studieleier en die geregistreerde student wat nie opgelos kan word nie, kan enige van die partye die saak vertroulik met die hoof van die USB se Doktorale Navorsingsprogram bespreek.

ASSESSERING VAN OMVATTENDE NAVORSINGSVOORSTEL

Die voorbereiding van jou omvattende navorsingsvoorstel

Sodra jou aanvanklike navorsingsvoorstel (wat saam met jou aansoekpakket ingedien is) goedgekeur is, moet jy 'n omvattende navorsingsvoorstel voorberei. Jou voorlopige studieleier sal jou help met die voorbereiding van jou omvattende navorsingsvoorstel wat aan die PhD-Toelatingspaneel voorgelê moet word. Die finalisering van jou omvattende navorsingsvoorstel sal jou deur 'n aantal herhalings neem en dit kan vier tot ses maande neem om af te handel.

Die aanbieding van jou voorstel aan die PhD-Toelatingspaneel

Sodra jy en jou studieleier tevrede is dat jou omvattende navorsingsvoorstel behoorlik deurdag is en aan die hoogste akademiese navorsingsvereistes voldoen, moet dit aan 'n Toelatingspaneel van kundiges voorgelê word.

Hierdie voorlegging bestaan uit 'n onderhoud om die paneel te oortuig dat die kandidaat 'n bate vir die Navorsingsprogram sal wees. Die paneel bestaan gewoonlik uit lede van die Doktorale Navorsingskomitee, akademici wat op uitnodiging daar is (ook uit ander afdelings as die USB) sowel as kundige lede uit sake- of verwante gemeenskappe.

Hierdie aanbieding dien as formele assessering van die kandidaat vir toelating tot die Doktorale Program. Die kandidaat word geëvalueer ten opsigte van sy of haar gedemonstreerde en potensiële vermoë om hoëvlak-navorsing te kan onderneem. Die geskiktheid van die onderwerp word ook geëvalueer om te bepaal of dit 'n akademiese en regtelewe-bydrae tot kennis kan lewer. Die voorlopige studieleier sal hierdie bespreking met die kandidaaat lei en daar sal van die kandidaat verwag word om vrae deur die lede van die Toelatingspaneel te beantwoord.

Die opstel van 'n navorsingsprotokol

'n Omvattende skriftelike navorsingsplan, wat 'n navorsingsprotokol genoem word, moet vir die voor-

gestelde studietydperk opgestel word om die tydraamwerk en tydbestuur te verduidelik. Hierdie plan moet deel van die aanbieding vorm. Dit vervang die oorkoepelende projekplan wat as deel van die aanvanklike navorsingsvoorstel ingedien is en dit verskaf 'n breedvoerige roetekaart vir die navorsing. Die navorsingsprotokol sal ook aantoon dat die navorser bewus is van die omvang van die taak wat voorlê en dit sal dien as grondslag vir die moniteringsproses. Sien ook die *Monitering van vordering van navorsing*.

Aanvaarding deur die PhD-Toelatingspaneel

Die PhD-Toelatingspaneel se aanvaarding van die navorsingsonderwerp en die geskiktheid van die kandidaat lei tot 'n aanbeveling aan die Fakulteitsraad en die Senaat dat die kandidaat formeel aanvaar word en dat volle toelating en registrasie as 'n doktorale student aan hom of haar verleen word.

Registrasie om met jou residensie te begin

Registrasie voor Februarie in enige jaar tel as een volle jaar vir die vereiste minimum residensietydperk van twee jaar. Registrasie tussen Maart en Augustus word as geldig geag vir residensie slegs vanaf die tweede semester, dit wil sê vir 'n residensie van ses maande.

DIE ONDERNEMING VAN ONAFHANKLIKE NAVORSING VIR JOU PROEFSKRIF

Wat die doktorale student moet demonstreer

Die doktorale student moet die volgende kan aantoon:

- Die vermoë om onafhanklike akademiese navorsing te kan onderneem
- Die vermoë om onafhanklik te kan werk
- Die vermoë om op ooreengekome tye met die studieleier te kan skakel.

Vereistes vir alle geregistreerde doktorale studente

- **Doktorale Navorsingsopleidingsprogram (DRTP):** Alle USB PhD-studente moet die 5-dag DRTP (Doctoral Research Training Programme) verpligtend bywoon. Dit moet gedoen word voor die student met sy of haar PhD by die USB begin of so vroeg as moontlik tydens die PhD-studies.
- **Aanbieding:** 'n Portuurbeoordeelde aanbieding by 'n Doktorale Colloquium een keer per jaar. Die aanbieding moet vergesel wees van 'n gestruktureerde en skriftelike verslag wat deur die studieleier goedgekeur is.
- **Artikels:** Twee publiseerbare artikels (wat deur ten minste twee vakkundiges blind gelees word).
- **Kongresreferaat:** Die aanbieding van 'n referaat by 'n vakverwante konferensie voor die inhandiging van 'n finale afskrif van die PhD-proefskrif vir evaluering.
- **Colloquium-program vir Navorsing:** Bywoning van die Colloquium-program vir Navorsing (sterk aanbeveel). Sien hieronder.
- **Vorderingsverslae:** Alle doktorale studente moet twee vorderingsverslae per jaar indien.

Bykomende vereistes vir beurshouers

- **Vereistes:** Die kontraktueel ooreengekome take vir voltydse beurshouers word in die beursooreenkoms uiteengesit. Dit sluit sowat 100 uur van klasgee, navorsingshulp, ens. per jaar in.
- **Colloquium-program vir Navorsing:** Dit is verpligtend vir geregistreerde doktorale studente met USB-beurse om die Colloquium-program vir Navorsing by te woon. Hierdie portuurgroepbesprekings bied gereelde en interpersoonlike kontak tussen navorsingstudente en akademici, en is noodsaaklik vir die ontwikkeling van hoë vlakke van vakkundigheid. En selfs al val 'n spesifieke bespreking nie in jou spesifieke navorsingsgebied nie, is dit belangrik dat jy bewus is van die breë veld van bestuursnavorsing en nie net van navorsing oor jou

kundigheidsgebied nie. Voornemende doktorale studente word ook uitgenooi om hierdie colloquia by te woon.

- **Vorderingsverslae:** Alle doktorale studente moet twee vorderingsverslae per jaar indien.

MONITERING VAN VORDERING MET NAVORSING

Hou tred met vordering

Jou studieleier sal jou vordering oor jou hele studietydperk monitor in samewerking met die Doktorale Navorsingskomitee. Jou vordering met die afhandeling van die navorsing volgens die navorsingsprotokol wat tydens die assessering van jou omvattende navorsingsvoorstel verskaf is sowel as jou verhouding met jou studieleier word ook in ag geneem. Die kontraktueel ooreengekome take van beurshouers word ook geëvalueer.

Die opstel van vorderingsverslae

Die moniteringsproses bestaan uit self-ingevulde vorderingsverslae deur die student en kommentaar deur die studieleier. Hierdie verslae word dan aan die Doktorale Navorsingskomitee vir oorweging gestuur. Die Doktorale Navorsingskomitee vergader twee maal per jaar om die ingevulde vorderingsverslae van elke student te evalueer. Die doel van die verslae is om te bepaal of die vereistes van die navorsingsprotokol en die beursooreenkoms (waar van toepassing) bevredigend nagekom word met inagneming van enige ooreengekome aanpassings of tydperke van afwesigheid as gevolg van byvoorbeeld siekte. Alle geregistreerde doktorale studente moet elke jaar twee vorderingsverslae indien. Voltydse beurshouers moet ook twee bevredigende vorderingsverslae indien.

Nie-nakoming van vereistes

Indien die student nie aan die vereistes voldoen nie of nie binne die toegelate tyd die situasie probeer regstel nie, kan sy of haar registrasie gekanselleer word. Hierdie beëindiging raak dan ook die befondsing van voltydse beurshouers. Die aanbod van 'n geleentheid om die situasie ten opsigte van die vorderingsverslag reg te stel word slegs een keer tydens die studietydperk aan 'n student verleen behalwe in werklik buitengewone omstandighede.

EKSAMINERING VAN DIE PROEFSKRIF

Die finale stadium van die doktorale program bestaan uit:

- **Die evaluering van die proefskrif:** Drie eksaminators, wat nie die studieleier en/of medestudieleier mag insluit nie, sal die doktorale proefskrif evalueer.
- **Openbare verdediging van die proefskrif:** Dit word ook die mondelinge of *viva voce*-eksaminering (of kortweg die *viva*) genoem. Die kandidaat moet tydens hierdie eksaminering 'n debat oor sy of haar werk voer. Die proefskrif word verdedig op grond van 'n aanbieding van die vernaamste bevindinge. Die dekaan tree as die voorsitter op en die opponente is die lede van die Doktorale Navorsingskomitee en lede van die uitgenooide evalueringskomitee. Die *viva* is egter nie bedoel om konfronterend te wees nie. Die vernaamste doelwit van die *viva* is om te bevestig dat die doktorale student die navorsing en studiegebied ken en om seker te maak dat die doktorale kwalifikasie behoorlik verdien word.
- **Toekenning van die PhD-graad:** Die graad Doktor in Filosofie (PhD) in Sakebestuur en -administrasie word by die voltooiing van die PhD-proses deur die Universiteit van Stellenbosch aan die student toegeken.

GELDE EN BEFONDSING

Gelde vir PhD-studie by die USB

Gelde vir PhD-studies: 2011	
2011	Totaal
Aansoekgelde	R400
Eerste jaar van registrasie	R23 500 per jaar
Tweede jaar van registrasie	R23 500 per jaar
Derde en daaropvolgende jaar van regis-trasie	R3 300 per jaar

Beurse en stipendiums

- **Finansiële ondersteuning vir voltydse studente:** Finansiële ondersteuning is in die doktorale program se begroting op 'n mededingende grondslag beskikbaar vir buitengewoon talentvolle voltydse studente. Hierdie finansiële ondersteuning word jaarliks hersien. 'n Kontrak wat volgens die wet bindend is, sal tussen die USB en die student aangegaan word.
  Belangrik: Aansoeke vir finansiële ondersteuning word slegs oorweeg ná aanvaarding van die omvattende navorsingsvoorstel en ná 'n mondelinge aanbieding aan 'n paneel van kundiges. Verwys na *Assessment of comprehensive proposal* (laai die dokument af by www.usb.ac.za/phd).
- **Fasiliteite en dienste vir PhD-studente:** Voltydse beursstudente word voorsien van 'n kantoor wat ten volle toegerus is. Studente kan ook gevra word om 'n kantoor met 'n ander doktorale student te deel. PhD-studente kry toegang tot gevorderde IT-fasiliteite, die kampus se biblioteek wat soos 'n moderne inligtingsentrum funksioneer, en fasiliteite vir drukwerk, fotokopiëring, telefoon, e-pos en faks.
- **Die bywoning van konferensies en werkwinkels:** Finansiële ondersteuning is beskikbaar in die doktorale program se begroting vir voltydse PhD-beurshouers om referate by konferensies en werkwinkels by te woon en aan te bied. Hierdie uitgawes moet deur die student se studieleier aanbeveel word en deur die Doktorale Navorsingskomitee goedgekeur word.
- **Die verskaffing van onderrig- en navorsingshulp:** Daar word van voltydse beurshouers verwag om sowat 100 uur per jaar vir die USB beskikbaar te wees vir kontraktueel onderhandelde take soos onderrig- en navorsingshulp.

OORSIG VAN DIE USB SE PHD-PROSES

Aansoek en registrasie

Hoe om te begin

- Raak vertroud met die inhoud (veral die aansoekprosedure) van die PhD in hierdie brosjure, en/of
- Maak 'n afspraak met prof Sylvanus Ikhide, hoof van die USB se Doktorale Program.
- **Belangrik:** Jou aansoek en die verskaffing van 'n studentenommer van die Universiteit van Stellenbosch impliseer nie toelating tot die PhD-program nie.

Voorbereiding en indiening van jou aansoekpakket

- Stel 'n volledige aansoekpakket saam en dien dit in. Hierdie pakket moet jou aanvanklike navorsingsvoorstel insluit.
- Pos jou PhD-aansoekpakket aan: PhD-Toelatingskantoor, Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool, Posbus 610, Bellville 7535, Suid-Afrika

Assessering van aansoekpakket

- Die Doktorale Navorsingskomitee assesseer jaarliks aansoekpakkette op 30 April en 31 Oktober.

Kennisgewing van uitkoms van aansoekproses en toewysing van voorlopige studieleier

- Jy sal telefonies en/of skriftelik in kennis gestel word van die uitkoms van die PhD-aansoek.
- Indien suksesvol sal die Doktorale Navorsingskomitee 'n voorlopige studieleier aan jou toewys.

Voorbereiding vir 'n omvattende navorsingsvoorstel

- Verfyn jou aanvanklike navorsingsvoorstel (deel van die aansoekpakket) en brei dit uit. Werk ook aan jou navorsingsprotokol in konsultasie met jou voorlopige studieleier.
- Die voorlopige studieleier kan die biblioteek (USBI) versoek om aan jou toegang tot die nodige hulpbronne te verleen sodat jy 'n omvattende navorsingsvoorstel kan voorberei.

Aanbieding by die Doktorale Colloquium

- Doen 'n aanbieding by 'n Doktorale Colloquium in konsultasie met jou voorlopige studieleier.

Aanbieding van die omvattende navorsingsvoorstel

- Lê jou omvattende navorsingsvoorstel aan die PhD-Toelatingspaneel voor.
- Dien jou navorsingsprotokol by die PhD-Toelatingspaneel in.

Die samestelling van die PhD-Toelatingspaneel

- **Die paneel bestaan gewoonlik uit die volgende:** Die Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (voorsitter), die direkteur van die USB, die mededirekteur: Akademies van die USB, die voorlopige studieleier, 'n bykomende akademikus (nie van die USB nie), en enige ander mense wat as geskik beskou word.
- **Op uitnodiging:** Die voorlopige studieleier se sekretaresse of persoonlike assistent moet uitnodigings aan die paneellede stuur en hulle inlig oor die datum, tyd, plek, aanbieding, verversings, ens.

PhD-Toelatingspaneel en aanstelling van 'n studieleier

- Sodra die Toelatingspaneel jou en jou navorsingsonderwerp goedgekeur het, sal die paneel by die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aanbeveel dat jy as 'n geregistreerde PhD-student toegelaat worrd.
- Die Toelatingspaneel sal nou versoek dat 'n studieleier vir jou aangestel word.
- Die Toelatingspaneel sal ook die aanstelling van drie onafhanklike eksaminators tot die Fakulteitsraad aanbeveel en motiveer.

Aanbeveling by die Fakulteitsraad en die Universiteit van Stellenbosch se Senaat

- Die sekretaris van die Fakulteit stuur die aanbeveling vir die goedkeuring van die PhD-student aan die Fakulteitsraad en die Universiteit van Stellenbosch se Senaat.
- Indien die Doktorale Navorsingskomitee en/of studieleier van mening is dat die voorgestelde navorsing etiese implikasies het, sal die navorsingsvoorstel vir goedkeuring aan die Etiekkomitee voorgelê word.

Bevestiging van aanstelling van studieleier(s) en eksaminators

Sodra die Senaat die eksaminators goedgekeur het, sal die Akademiese Administrasie die eksterne studieleier, medestudieleier en eksaminators kontak om hul aanstelling te bevestig en hul persoonlike besonderhede te bekom.

Aansoek vir voltydse beurse

- Jy kan in hierdie stadium vir finansiële ondersteuning – dit wil sê 'n USB-beurs – aansoek doen. Jou studieleier moet jou aansoek vir finansiële ondersteuning motiveer en dit vir oorweging aan die Doktorale Navorsingskomitee voorlê.
- Indien die Doktorale Navorsingskomitee die USB-beurs goedkeur, word dit by die Akademiese Administrasie aanbeveel.
- Die Universiteit van Stellenbosch sal jou en die Beursadministrasie van die uitkoms in kennis stel.

Die navorsingsproses, eksamens en toekenning van die graad

Navorsingsproses: Wat die student moet kan aantoon

- Die vermoë om onafhanklike akademiese navorsing te kan onderneem
- Die vermoë om onafhanklik te kan werk
- Die vermoë om op ooreengekome tye met die studieleier te kan skakel.

Aflewerbares vir alle PhD-studente

- **Doktorale Navorsingsopleidingsprogram (DRTP):** Die bywoning van die 5-dag DRTP is verpligtend vir alle USB PhD-studente. Dit moet gedoen word voor die studente met hul PhD's begin of so vroeg moontlik tydens hul studies.
- **Aanbieding:** 'n Portuurbeoordeelde aanbieding een maal per jaar by 'n Doktorale Colloquium. Hierdie aanbieding moet gepaard gaan met 'n gestruktureerde skriftelike verslag wat deur die studieleier goedgekeur is.
- **Artikels:** Twee publiseerbare artikels (wat deur ten minste twee hersieners blind gelees word)
- **Kongresreferaat:** Die aanbieding van 'n referaat by 'n vakspesifieke konferensie voor die inhandiging van 'n finale afskrif van die PhD-proefskrif vir evaluering.
- **Colloquium-program vir Navorsing:** Die bywoning van die Colloquium-program vir Navorsing word ten sterkste aanbeveel.
- **Vorderingsverslae:** Alle studente moet twee vorderingsverslae per jaar indien.

- **Finale proefskrif:** Dit moet goedgekeur word deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, die Senaat van die Universiteit van Stellenbosch en/of die Universiteitsraad.

Bykomende aflewerbares vir beurshouers

- **Vereistes:** Kontraktueel ooreengekome take vir voltydse PhD-beurshouers word in die beursooreenkoms uiteengesit. Dit sluit sowat 100 uur van onderrig, navorsingshulp en ander take in.
- **Colloquium-program vir Navorsing:** Dit is verpligtend vir geregistreerde doktorale studente met USB-beurse om die Colloquium-program vir Navorsing by te woon. Hierdie portuurgroepbesprekings bied gereelde en interpersoonlike kontak tussen navorsingstudente en akademici, en is noodsaaklik vir die ontwikkeling van hoë vlakke van vakkundigheid.

Die eksaminering van jou proefskrif

- **Die indiening van jou proefskrif:** Jy sal skriftelike toestemming ontvang dat jy jou proefskrif amptelik by die Universiteit van Stellenbosch kan indien vir eksaminering. Jy moet jou proefskrif voor 1 September inhandig om jou graad in Desember te ontvang en voor 1 Desember om jou graad by die Maart-/April-gradeplegtigheid te ontvang. Maak seker dat die onafhanklike eksaminators aangestel is.
- **Die eksaminering van jou proefskif:** Die studieleier moet drie afskrifte van die proefskrif inhandig by die kantoor van die dekaan: Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Die dekaan versprei die kopieë aan die drie onafhanklike eksaminators vir hul individuele verslae. Die onafhanklike eksaminators stuur hul evaluering van die proefskrif met aanbevelings aan die dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. 'n Onafhanklike paneel, wat die drie eksaminators insluit, oorweeg die verslae. Die studieleier(s) kan geraadpleeg word. Die eksaminators doen aanbevelings en die nodige veranderinge word dan aangebring aan die proefskrif. Die eksaminators vul die standaardvorm in en bevestig hul bevindinge skriftelik.
- **Openbare mondelinge verdediging van die proefskrif:** Die studieleier en/of die dekaan se kantoor reël die openbare mondelinge verdediging van die proefskrif – die *viva voce*. Die dekaan tree as voorsitter van die vergadering op terwyl daar van die eksaminators verwag word om dit ook by te woon. Telefoniese en/of satellietkommunikasie word ook aanvaar. Hierdie vergadering vind gewoonlik by die USB plaas. Kennisgewing van die ope uitnodiging om die *viva* by te woon verskyn in die daaglikse bulletin van die Universiteit en lede van die algemene publiek is welkom om dit by te woon. Indien die *viva* suksesvol verloop, word 'n omvattende verslag saamgestel en word 'n aanbeveling by die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe gedoen dat die PhD-graad aan die student toegeken word. Wysigings kan aanbeveel word en moet onder die studieleier se toesig plaasvind. 'n Afskrif van die proefskrif moet vir al die lede van die Fakulteitsraad by die dekaan se kantoor beskikbaar gestel word.
- **Goedkeuring:** Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, die Senaat van die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteitsraad sal nou 'n aanbeveling vir oorweging en goedkeuring doen. Die Universiteit sal jou van die uitkoms hiervan in kennis stel. Die Akademiese Administrasie betaal die eksaminators en laai die finale punt op die sentrale netwerkstelsel van die universiteit.

Toekenning van die PhD

- **Die ontvangs van jou PhD:** Die student ontvang by voltooiing van die PhD die graad Doktor in Filosofie (PhD) in Sakebestuur en -administrasie van die Universiteit van Stellenbosch. Die studieleier vul die inligtingsvorm vir die gradeplegtigheid in.

HUIDIGE PHD-NAVORSING

Kyk gerus ook na die oorsig van huidige PhD-navorsing op die USB se webwerf onder Navorsing.

PHD-PROGRAMBESTUUR

Die USB se PhD-program word deur die Doktorale Navorsingskomitee bestuur. Dié komitee bestaan uit die hoof van die Doktorale Navorsingsprogram (voorsitter), die direkteur van die USB, die mededirekteur: Akademiese Aangeleenthede (USB), die Adjunkregistrateur (Bellvilleparkkampus), en 'n gekoöpteerde personeellid (alternerend) met kundigheid in die spesifieke navorsingsgebied.

MEER INLIGTING

Meer inligting oor die akademiese aspekte van die USB se doktorale program kan verkry word by:
Prof Sylvanus Ikhide
Hoof: Doktorale Program
Ekonomiese Ontwikkelingsperspektief in Afrika, Openbaresektorfinansies
Telefoon: +27 (0)21 918 4485
Faks: +27 (0)21 918 4112 of +27 (0)21 918 4468
E-pos: Sylvanus.Ikhide@usb.ac.za

Inligting oor die bedryfsaspekte van die program (bv. aansoekvorms, registrasie, finansiële en algemene administrasie) is verkrygbaar by:
PhD-Toelatingskantoor: Me Marietjie van Zyl
Telefoon: +27 (0)21 918 4205
Faks: +27 (0)21 918 4468
E-pos: mvz@belpark.sun.ac.za